TLU SA

Tel: (+27) 12 804 - 8031
Faks / Fax: (+27) 12 804 - 2014

Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127

E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za

# RIGLYNE VIR LEDEWERWING | 2024
## Goedgekeur Junie 2024

Om lid van TLU SA te word is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Dit staan TLU SA vry om sonder opgaaf van redes enige aansoek vir lidmaatskap te mag afwys. TLU SA is primêr 'n organisasie vir kommersiële boere en dan ook soos wat die grondwet bepaal, 'n tuiste vir sekere organisasies in die waardeketting.

Daar word voorsiening gemaak vir verskillende kategorieë van lidmaatskap.
Lidmaatskap word gereguleer deur TLU SA se Grondwette en Reglemente. Enige lid wat aansluit sluit by TLU SA aan. Grondvlak strukture naamlik Boereverenigings en Boere-unies treë namens TLU SA op om enige aansoek vir lidmaatskap goed- of af te keur.

Ten einde TLU SA effektief te laat funksioneer word daar op verskillende vlakke strukture gevestig wat hul bestaan het juis agv die feit dat TLU SA bestaan en hul deel is van die proses om diens aan lede te kan lewer. Enige aansoek vir lidmaatskap wat op 'n ander wyse anders as deur die grondvlak strukture by TLU SA ingedien is, moet eers na die grondvlak struktuur verwys word vir hul sanksionering van lidmaatskap alvorens lidmaatskap gefinaliseer kan word.

Belangrik om in ag te neem tydens die goedkeuring al dan nie van enige aansoek is die etos, aard en karakter van TLU SA soos gevestig deur die jare. Aansoekers moet onbevange dit onderskryf en onderneem om dit positief verder uit te bou.

Paar aspekte wat belangrik is tydens oorweging vir lidmaatskap al dan nie is oa die volgende:

- Persoon wat wil aansluit moet die grondwet en manifes en veral ons begrondingsklousules onderskryf en ondersteun;
- Lede moet besef dat TLU SA is nie daar om enige regering te laat goed lyk nie, maar treë deurlopend in belang van die lede se landbou-volhoubaarheid op;
- Die grondslag vir welvaartskepping is privaat besitreg en die vrye mark en moet dit ongekwalifiseerd onderskryf word.

Hierdie riglyn beklemtoon dat ons optredes en besluitneming stewig gegrond is op Christelike beginsels.